Kampvuurkonsert

"Leierskap moet meer deelnemend wees as aanwysend, meer bemagtigend as voordrag."
- Mary D. Poole

Doelwit: *Om die Verkenner op te lei om kampvuurkonserte aan te bied.*
Weergawe: *2007.0*
Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.

ABC: Om goeie burgerskap te bevorder moet selfvertroue en die vermoë om op te tree aangeleer word. Kampvuurkonserte is die ideale platvorm waar op informele wyse in 'n vriendelike en veilige omgewing hieraan geoefen kan word. Tydens die geleentheid kan Christenskap ook sterk uitgebeeld word in die aanbieding veral tydens 'n meer gewyde konsert.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	2 dae	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Hierdie spesialisasie moet op 'n kommandokamp of 'n kamp met genoeg ander kampgangers teenwoordig, verwerf word en dit moet as 'n span afgehandel word. Slegs lede wat aktief meegedoen het, verwerf die kenteken.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Verantwoordelik wees vir:*
   - *1.1 Die verkryging van 'n geskikte kampvuurterrein en die nodige inrigting daarvan.*
   - *1.2 Die bymekaarmaak van hout, die aansteek en blus van die vuur. Hulle moet kennis dra van verskillende metodes om 'n kampvuur aan te pak.*
   - *1.3 Die totale kampvuurprogram.*
   - *1.4 Veiligheid om en by die vuur.*
2. *Die volgende items aanbied:*
   - *2.1 Aansteekseremonie.*
   - *2.2 Humoristiese item.*
   - *2.3 Voordrag of vertelling.*
   - *2.4 Patriotiese item.*
   - *2.5 Gewyde item.*
   - *2.6 Samesang.*
   - *2.7 Aandgodsdiens.*

   Ander spanne mag gebruik word, maar die afrigting en totale sukses berus op die skouers van die span. Spanlede mag om die beurt as seremoniemeesters optree.
3. *Om die beurt sang lei. Hulle moet kennis dra van die waarde van sang en hoe verskillende stemmings geskep kan word. Hulle moet weet wat die pligte van 'n sangleier is en die volgende tipes sang gebruik om verskillende stemmings te skep:*
   - *3.1 Opgewekte lawwigheid.*
   - *3.2 Beurtsang.*
   - *3.3 Bewegings en aksieliedjies.*
   - *3.4 Volksliedjies.*
   - *3.5 Voortrekkerliedjies.*
   - *3.6 Heimwee.*
   - *3.7 Gewydheid.*

Kampvuurkonsert

4. *Kennis dra van die hulpmiddels wat gebruik kan word soos:*
   - *4.1 Skerms met deursigbeelde.*
   - *4.2 Fakkels – die maak en veilige gebruik daarvan.*
   - *4.3 Die effektiewe gebruik van hessian.*
   - *4.4 Die benutting van klanktoerusting by 'n kampvuur.*

5. *Die kampvuurprogram saam met die span en hulle offisier krities evalueer.*